

MUUS

Krummet

As God nee sê

Gelowiges. Inc.



Lowrensriver-Strand

22 Oktober '26

Voorbidding

- Doempie Steyn
- Deon Dixon
- Langie Langenhoven
- Gideon Theart
- Detlev Traut
- Dirk Kotze
- Sakkie de Jager
- Marie Roux
- Gerda de Villiers
- Lizette Swart
- Esmarie Terblanche
- Mara Huisman
- Elmarie de Villiers Henegan
- Armin Thiart



- Bid saam vir reën en droogte geteisterde areas
- Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.
- Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.
- Aan almal wat die afgelope tyd 'n geliefde aan die dood moes afstaan. Ons harte voel saam met julle seer. Ons bid dat God se troos, vrede en liefde julle sal omvou en versterk in hierdie moeilike tyd.
- Bid asseblief vir die haweloses.

Aan elkeen wat die week verjaar:



Ons wens vir jou vir die jaar wat voorlê,
is alles wat jou pragtige hart
nog ooit wou hê.
Geluk en blydschap
meer as waarvoor jy vra
urede en liefde
om altyd saam met jou te dra.
Mag God se rykste seën neerstort oor jou,
mag hierdie dag een wees
wat jy vir altyd sal onthou.
Geluk met jou verjaarsdag.

NGK Lourensriver - Strand

FeesMark



23 Okt - 7 Nov

Ma-Vry: 09:00-19:00

Sat: 09:00-16:00

'n GROOT verskeidenheid:

- Handgemaakte Geskenke
- Juwele, Dekor, DIY Kuns
- Oulike Goedjies vir Kinders & Diere
- Plante, Eetgoed en vele meer.

*Keurig gekies vir Kwaliteit en
Bekostigbaarheid*



021 853 5991



As God nee sê

Is daar iets spesifiek waarvoor jy nou die Here vertrou? Iets waarvoor jy elke dag bid? Iets waarvoor jy meer bid as enige iets anders? Iets waarvoor jy Hom vertrou met jou hele hart? Sien jy dalk al tekens dat dit gaan gebeur? Het jy al bevestiging van ander Christene gekry? Miskien 'n visioen daarvoor gehad? Glo jy dat jy so op die rand van 'n deurbraak is? Dit gaan nou enige oomblik gebeur...

Kom ek vra jou gou so paar moedswillige vrae: is hierdie gebed meesal tot jou eie voordeel? Voel jy dalk al bietjie teleurgesteld dat God nog nie gereageer het nie? Twyfel jy aan die Here? Het die Here al (volgens jou) die vervaldatum gemis? Twyfel jy aan die Here? Voel dit of jy teen die plafon vas bid? Wat sê die Bybel hiervan?

Matt 7:8-9

Want elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry, en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word. Watter mens onder julle sal vir sy seun 'n klip gee as hy brood vra, of 'n slang as hy vis vra?"

Die Here sê dus: vra en jy sal kry. Ek lei hieruit af:

- 1) Hy gee ons wat ons nodig het
- 2) Hy wil hê ons moet op ons knieë bly
- 3) Hy wil hê ons moet Hom vra
- 4) Hy wil hê ons moet vertrou

Wat is hierdie gebed van jou wat jy aanmekaar bid? Waarvoor vertrou jy tans die Here met jou hele hart? Ek dink elke mens het op enige gegewe tyd "iets" wat jou gebedstye oorheers.

Ek glo met my hele hart dat elke gebed wat die mens bid verhoor word, of miskien moet ek eerder sê GE-hoor word. Ek dink net nie dis altyd so maklik om God se antwoord te aanvaar nie. Ek dink die Here antwoord op een van drie maniere: ja, nee, wag.

Ja – Ek sal jou gee wat jy vra.

Nee – Jy dink jy vra brood maar jy vra 'n slang.

Wag – Nog nie nou nie, of dalk kan die Here ook sy "nee" uitstel.

Kom ons veronderstel die Here sê vir jou "nee", of "wag", sal jy Hom steeds onvoorwaardelik vertrou? Steeds vir Hom lief wees? Steeds aanvaar dat Hy soewerein is?

Sal jy bereid wees om te sê "Here, ek gaan ophou neul, ophou my eie planne maak, ophou spartel, en aanvaar dat U besluit staande en bindend is". Nog meer, as God "nee" sê, hoe ver sal jy gaan om Sy arm te draai om jou "ja" af te dwing? Bedrog, diefstal, so baie ander dinge doen mense om net hulle sin te kry. Soms maak die Here net deure toe, en dan is dit Sy antwoord. Partykeer skop ons die deur self weer oop, want ons wil hê dat ons wil moet geld. Sê nou God sê vir jou "nee" – hoe dan? Ek glo dalk sal jy een van twee reaksies hê: veg rebels voort, of sit terug en los alles in die Here se hand.

Ek, jou Here, hoor jou gebed.....óf ja, óf nee, óf wag.

As Hy JA sê: dalk voel Hy jou vraag is verdienstelik, en dis binne Sy wil. Of jy het lank genoeg gewag, dis nou tyd vir 'n "ja" Miskien "verdien" jy 'n onvoorwaardelike ja. Dis lekker as God ja sê. Dit voel of Hy jou bevoordeel, of Sy guns oor jou is. Mens voel nogal soos 'n witbroodjie, of hoe?

As Hy NEE sê: dis moeilik. Dalk sê die Here nee omdat jy 'n slang vra, maar dink jy vra vir 'n brood. Miskien moet 'n klomp ander goed eers gebeur. Dis dalk gevaarlik, of sal op die langduur vir jou nadelig wees. Miskien is jy besig om ander te benadeel, en daarom is dit nee. Miskien is die Here nog besig met jou oor iets, is jy op 'n leerpad. Dalk is Hy nog besig met ander mense – jy beïnvloed in elk geval altyd baie om jou, selfs al besef jy dit nie.

As Hy WAG sê: Jy sien, jy kan dalk “wag” verwar met “nee”. Dalk gaan jy verwerping voel, of dalk dat God nie omgee nie, of vir jou lief is nie. Of dalk dink jy die Here verstaan nie wat die konsekwensies van sy besluit vir jou inhou nie.

Matt 26:36-45

Daarna kom Jesus met sy dissipels by 'n plek met die naam Getsemane, en Hy sê vir hulle: “Sit hier terwyl Ek daar gaan bid.” Hy het vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saamgeneem. Toe het Hy bedroef en beangs geword en vir hulle gesê: “Ek voel doodsbenuud. Bly hier en waak saam met My.” Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebed: “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil.” Daarna kom Hy na die dissipels toe terug en kry hulle aan die slaap. Hy sê toe vir Petrus: “Kon julle nie eens een uur lank saam met My waak nie? Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak.” 'n Tweede keer het Hy gaan bid en gesê: “My Vader, as hierdie lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.” Toe Hy terugkom, kry Hy hulle weer aan die slaap, want van die vaak kon hulle nie hulle oë oophou nie. Hy het hulle weer alleen laat bly en 'n derde keer gaan bid en dieselfde woorde gesê. Toe kom Hy na die dissipels toe terug en sê vir hulle: “Slaap en rus julle nog? Die uur het gekom. Die Seun van die mens word in die hande van sondaars oorgegee.

Jesus in Getsemané. Ek sien hier desperaatheid. Sy lewe was op die spel; Hy was beangs en bevrees, Hy neem ander saam met Hom om te bid. Hy het aangehou bid. Maar, Sy gebed het gelui: “moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil”. Bid ek en jy régtig daardie woorde “soos U wil”? En dan nog met die idee dat God enigiets kan antwoord, net soos Hy wil.

Wat moet ons doen as God nee sê?

Bid totdat jy weet wat God se finale antwoord is.

Doen eers alles wat jy moet en kan doen.

Mense raak soms passief terwyl hulle vir God wag om te antwoord.

Gebruik die wagtyd om te leer.

Dra vrug, gaan aan met jou lewe, fokus op goeie goed, hou aan om te getuig.

Prys die Here ten spyte van Sy nee.

Verander wat jy kan, en aanvaar Sy besluit.

Aanvaar Sy soewereiniteit – Hy weet die beste.

Aanvaar dat die Here nie noodwendig gaan verduidelik hoekom sy antwoord nee was nie.

Jak 4:3 As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.

Harde woorde, maar waar.

Ja, nee, wag – die Here antwoord altyd 'n gebed.

Vertrou Hom genoeg om te aanvaar dat Hy weet wat Hy doen.

Kinderkerk en Gemeente Piekniek.

Almal welkom, ons hoop dat veral die kiedz en hulle ouers
dit sal bywoon.

Ons sien daarna uit om al ons Kinderkerk-maatjies en hul gesinne
bymekaar te hê vir 'n spesiale piekniek vol lag, liefde en mooi herinneringe.



Ons sorg vir worsbroodjies, koeldrank waatlemoen en speletjies vir die kiedz.
Bring jou stoel/kombers, piekniekmandjie of vleisie saam om te braai.



Datum:

Saterdag,
28 November 2026



Tyd:

14:00 – 17:00



Plek:

1st Strand Scout Group
62 Woltemade Street, Strand

Ons kan nie wag om julle daar te sien nie!



Dinamiet Kiedz en
Beloftelanders

Met liefde,

Dinamiet Kiedz en Beloftelanders



Lourensgrivier-Strand

God Says I am

A
ANointed

BLESSED
B

C
CHOSEN

DELIVERED
D

E
EQUIPPED

FORGIVEN
F

G
GUIDED

H
HEALED

IMPORTANT
I

J
JOYFUL

KIND
K

L
LOVED

MADE NEW
M

N
NEVER ALONE

O
OVERCOMER

PROTECTED
P

Q
QUALIFIED

REDEEMED
R

S
STRONG

TREASURED
T

U
UNIQUE

VICTORIOUS
V

W
WONDERFULLY MADE

EXALTED
X

Y
YIELDED TO HIM

ZEALOUS FOR HIM
Z



EVANGELISASIE

SENDING: HIER IS EK HERE, STUUR MY

ISLAM: MOET ONS BANG WEES?

Europa en Engeland (ook elders) word geteister met 'n groeiende Moslem bevolking wat aandrang op Sharia wetgewing. In Afrika word die Sahel (10°N-20°N breedtegraad en 18°W-40°E lengtegraad) tans as die gevaarlikste plek in die wêreld beskryf as gevolg van aanvalle op Christene. Ook in die noorde van Mosambiek word Christene aangeval en vermoor. In Suid-Afrika is daar vir meer as 'n dekade 'n merkbare toename van jong Moslem mans wat na Suid-Afrika emigreer.

Moet ons bang wees?

Ja... tensy ons vir die redding van Moslems bid. Hulle mag wel 'n strategie hê wat kommerwekkend vir ons is, maar, soos Josef vir sy broers in Genesis 50:20 gesê het: "Julle het kwaad teen my beplan, maar God het dit vir iets goeds in gedagte gehad." Die Here is steeds in beheer, en duisende Moslems wêreldwyd kies om Jesus te volg veral, nadat hulle Jesus in drome gesien het. In Iran is nagenoeg 50 000 van die 75 000 moskees gesluit omdat die bevolking deur Islam ontnugter is.

Islam is 'n valse godsdienst, maar Jesus het ook vir Moslems gesterf.

Bid asseblief saam vir 'n reuse oes om in die Koninkryk in te kom.



Bid asseblief ook vir die volgende sendelinge

- Chris Bester: Evangelisasie
- Karin Kuys: Rapha Vroue
- Stephan Dippenaar: Bybelverspreiding
- Alie en Anne-Marie Brand: Libië
- Lizel Huisman: HEY!
- Andre en Anne-Marie Thiar: Mozambique

NGK LOURENSRIVIER GEMEENTE

— in die Strand —

Lof en Aanbidding AAND


LIFELINE JEUG



25 OKTOBER



17:30 – 19:00



NGK LOURENSRIVIER
GEMEENTE

in die Strand

*Kom saam en beleef
die teenwoordigheid van God!*

LOF • AANBIDDING • EENHEID



Lowrensgraver-Strand




Dinamiet Kiedz en Beloftelanders

PROGRAM 4DE KWARTAAL

.....
.....
.....

- 25 Okt Les 22 - Konsistorie
- 1 Nov Kinderdiens (Ds Chris)
- 8 Nov Les 23 (Konsistorie)
- 15 Nov Woon Belydenis van gr 11 by
- 22 Nov Les 24
- 29 Nov Piekniek en Prysuitdeling.
- 6 Des Kerssangdiens
- 9 Des Skole Sluit.

**vir meer inligting – skakel gerus vir
Tannie Karin 083 653 0654**





Lowrensner-Strand

2027 Kerkkalender



**Wil jy graag jou Besigheid
in ons 2027 Kerkkalender
adverteer?**

**Skakel gerus vir
Bernice by die Kerkkantoor
vir meer inligting.**

**MAAR jy moet opskud!
Daar is beperkte spasies
beskikbaar!**

**Bespreek en betaal voor
30 Oktober 2026**





*Ons nooi al die Dames hartlik
uit om by
Rapha Vrouegroep aan te sluit.*

Ons kom elke 2de Maandag - aand
in die Kerk se Gebedskamer om 17:30 bymekaar.

26 Okt, 9 Nov, 23 Nov-Afsluiting

Sakel gerus vir
Carla Briedenhann - 083 643 0653
of Karin Kuys - 083 643 0653
vir meer inligting

SENIOR
Manne

Uitnodiging

Vind jou plek in 'n gemeenskap wat saam groei. Ons nooi alle senior manne uit na ons weeklikse Bybelstudie, waar ons die Woord ondersoek en ons verhouding met ons Hemelse Vader verdiep.

Elke Woensdag by die Kerk
Tyd: 08:30 tot 09:30



**Neem asb. kennis:
Die Belydenisaflegging se
datum het geskuif van
22 November na 15 November**



Helderberg Seniorsklub

Alte afgetredenes baie welkom

Dinsdag 3 November by Helderberg Gemeente, Firmountweg 82, Somerset-Wes
09:00 - Tee en verversings en 09:30 - program
Koste: R50 pp Kaartjies by die deure beskikbaar.

Afsluiting vir die jaar: Edie en Edo Henn gaan 'n musiekoggend aanbied.

Navrae: Apolonia Maritz by 021 853 7560 of 082 507 7091



Die BERG- EN SEEKLUB VIR SENIORS

kom op Donderdag 5 November 2026 om 09:50 by die
NG Omgeegemeente (Moederkerk) in
Andries Pretoriusstraat in Somerset-Wes bymekaar.
Ds Willem Sauer sal 'n Kersboodskap lewer.
Dit is ook ons laaste byeenkoms vir 2026.

Kom geniet gerus 'n lekker koppie tee of koffie
en goeie geselskap vanaf 09:15.
Almal welkom. Bywoning: Gratis

Vir meer inligting:

Naas du Preez

027 82 804 1729

E-pos: ndupreez022@telkomsa.net

*'n Geseënde Kersfees en
n Voorspeedige '27 vir elkeen*

Potjie van Hoop – Sopmengsel

Hierdie is so 'n “Mooihart-Sop”
Maklik om vooraf te maak.



Bestanddele (droog)

- ½ koppie pasta
- 1½ koppies droë sopmengsel
- ½ koppie lensies
- 1 eetlepel aftrekselpoeier of blokkie
- 1 pakkie soppoeier (enige geur van jou keuse)

Pak alles mooi in lae in 'n glasbottel met 'n toedraai prop

Metode (wanneer jy dit kook)

Kook 3 liter water in 'n groot pot.

Voeg die inhoud van die glasbottel by die kookwater.

Prut vir 30–40 minute, roer gereeld.

Proe en geur na smaak indien nodig.

Bedien warm met brood of roosterkoek.

Idee:

Maak 'n paar bottels, sit 'n lint en kaartjie aan

- Liefdadigheid
- Noodkos

Ons nooi elkeen om weer te help met hierdie projek.

Met die lang Desember-vakansie wat voorlê, is daar baie magies wat nie 'n vullende bord kos sal ontvang nie.

Ons wil graag tussen 50 en 100 bottels met gevulde bestanddele bymekaar maak.

Reël met 'n vriendin/vriend om saam met jou 'n paar op te maak.

Vir die wat nie bottels het nie - julle is welkom om by die kantoor te kom haal.

Versier gerus jou bottel. Die kantoor sal 'n plakker op plak met die bestanddele op.

Lewer asb af teen 1 Desember 2026



Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydraes** vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

Bank inligting:

Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)

Takkode: 334-312

Reknr.: 420 580 231

Verwysing: naam en van

e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za



Kontak die kerkkantoor om in te skakel,
of vir meer inligting: 021 853 5991

RAPHA VROUE

Elke tweede Maandag.

SENIOR MANNE

Woensdae 08:30 voor in kerk

VROUEGROEP

Woensdae 09:00 in die gebedskamer

MANNEGROEP

Vrydae 05:30 in die Konsistorie

Kontak ons gerus : 021 853 5991

Predikant: Ds. Derick Boonzaaier
derick@lourensrivier.co.za

Admin kantoor-ure

Maandag: 09:00 - 14:00

Dinsdag - Donderdag: 08:00 -14:00

Vrydag: 08:00 -13:00

Skriba: admin@lourensrivier.co.za

Finansies kantoor-ure

Maandag: 09:00 -12:30

Dinsdag - Vrydag: 08:00 -12:30

Finansies: fin@lourensrivier.co.za

Gemeente-Webblad

<https://lourensrivier.co.za/>

BESOEKERS / NUWE LIDMATE

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou
besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK**, of 'n **HUISSBESOEK VERLANG**,
vul dit ook in die boekie in.
Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za
Kontak Ds. Derick direk vir enig
besoeke of afsprake 082 333 6012



Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon -
anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie

Lourensrivier-WhatsApp Groep

Stuur 'n WhatsApp met jou naam na

Ds. Derick: 082 333 6012 of

Lémari: 082 692 9086

as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.



Lourensrivier-Strand

ONDERSTEUN asb.
PLAASLIK
 voordat daar niks meer
PLAASLIK
 is om te ondersteun nie.



MARIUS STENEKAMP
ATTORNEYS

Unit 2, Little Greece
 George Str, Strand
 P.O. Box 1170, Strand, 7139
 Tel: 021 837 1235/6
 Fax: 086 274 2003
 Cell: 084 448 4429
 marius@stenekamp.co.za
 www.stenekamp.co.za





Secure SE
FIRM. FIXED. SAFE

Secure SE Pty Ltd
 Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
 stephan@securese.co.za
084 499 5858

Jeremiah 29:11 & Esther 4:14



CAM LIVE VISION
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS

Cam Live Vistion Pty Ltd
 Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
 info@camlivevision.co.za
021 851 6023

Jeremiah 29:11 & Esther 4:14



Blue Crane Funerals

For all your funeral arrangements.
 Vir al jou begrafnis reëlings.

TEL: (021) 853 3952
 10 Gordons Bay Road, Strand
 info@bluecranefunerals.co.za
 www.bluecranefunerals.co.za



VOLANTRA ORBITAL
The power to protect

Volantra Orbital Pty Ltd
 Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
 info@volantra.co.za
021 851 6023

Jeremiah 29:11 & Esther 4:14



Flamēros

CHICKEN GRILL
 187 Main Road, Strand
 021 854 7774



FTH ACCOUNTANTS
The name you can ACCOUNT on

Floris Ter Haar
 Professional Accountant (SA)

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF
 PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
 YOUR WEALTH

Tel: 021 853 4266
 Cell: 082 741 7076
 Fax: 088 021 854 5741
 E-mail: floris@fthacc.co.za

20 Conradie Street
 Strand, 7140
 Skype: fterhaar

HELDERBERG



BUILD & PAINT

CHAPPIE JACKSON (STUART)
 info@hbp-group.co.za • 082 872 6830

www.hbp-group.co.za

Het jy hulp nodig om
 finansiële sekerheid te kry?



Willie Fourie
 Senior Finansiële Beplanner
 021 853 2179
 082 468 1099
 admin@arcani.co.za

Ek kan jou behulpsaam wees met:

- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

Sanlam Lewensversekering Beperk is 'n geïnsensieerde lewensversekeraar, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en 'n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP43).



Lewe met sekerheid